

KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 135 4 Mei 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Ten spyte van ...

Die vorige geslag, dit is nou ons grootouers, het grootgeword met die idee dat 'n perd die heel vinnigste vervoermiddel is – 'n ouer persoon het aan ons vertel hoe dit toentertyd byna skandalig was dat 'n Model T- Fordjie teen veertig myl per uur kon ry! U sal dalk selfs die lirieke onthou “ ... want oupa ry in derde rat...”

Intussen het wêreldoorloë plaasgevind, die goudstandaard is met dollar vervang en selfs eenvoudige selfoontjies kan met *whatsapp* regoor die wêreld kommunikeer. Die gelowiges van ons voorgeslagte het tyd gemaak om te peins en het in nederigheid onder gebed na antwoord gesoek, kan ons werklik dieselfde sê? Die geslagte na die Tweede Wêreldoorlog is gedryf deur sukses en voorspoed en prestasie. Hoe hartseer is dit nie! Te veel mense hardloop 'n lewe lank agter materiële sake aan en wanneer ons die dag ons laaste asem uitblaas, bly alles net so agter – in baie gevalle dat ander mense daarvoor baklei.

Waar laat dit ons? Is daar nog plek vir eenvoudige kinderlike geloof in 'n almagtige Here wat alles gemaak het? En waarom is daar altoos 'n gestry tussen mense? Tydens die 1800 en vroeër is daar geglo dat die

mens byna enigiets kan regkry en deesdae lyk dit werklik asof die mens amper enigiets kan regkry. Slim vang sy baas, want hoe ironies is dit nie; die manier waarop mense leef en doen mag dalk verander het vandat die Farao homself teenoor die Here HERE opgeruk het (vergelyk Eksodus 10:3), maar die wese van die mens het in al die geslagte nog nie verander nie. Ons is nog steeds net so selfsugtig en eiewys as die eerste dag na die sondeval (vergelyk Psalm 143:2).

Daar is egter troos, want God's genade het ook nog nie verander nie. Die name van die gelowiges is reeds vasgeskryf in die boek van die lewe (vergelyk Hebreërs 12:23) en daarom sal elkeen wat in Christus glo, gered word (vergelyk Romeine 1:17). Geloof maak nie dat dit met ons op aardse manier beter gaan nie. Dit maak dat ons die golwe van die lewe oorleef omdat ons geanker is. Geloof maak ook nie dat ons nie probleme het nie, maar dit skenk ons geduld omdat ons verstaan dat alles nie in ons eie hand is nie. Die geloof in ons almagtige God laat ons verder as die graf sien, en gee ons die vermoë om die lewe op die korrekte manier te verstaan. Gelowige kinders van die Almagtige het niks om te vrees nie, want ons kan reeds verseker weet waarheen ons op koers is. En ons ken ook die Weg daarheen volgens Johannes 14:6.

Wat vir ons te doen staan, is om nog steeds elke dag getrou volgens die skeppingsopdrag te leef – om die een almagtige en ware God te dien met ons hele lewe. Hy het ons tog geskep om Sy beeld te wees en te heers oor die aarde tot Sy eer. In die Skrif vind ons die pragtige troos om die bewys van geloof in ons lewe te kan raaksien: „Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooi bewaar; en sy gebooi is nie swaar nie. Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?“ 1 Johannes 5:3-4

Dit is waarom Martin Luther kon sê: „Al vergaan die wêreld môre, plant ek vandag nog my appelboom.“

Ds Jaap Steenkamp Stella kombinasie

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

STEEDSHERVORMER-BYEENKOMS HARTENBOS 2 MEI

Die eerste van die beplande steeds-Hervormerbyeenkomste het plaasgevind op Woensdag 2 Mei 2018 in Hartenbos. Diegene teenwoordig was dit eens dat die byeenkoms suksesvol was. Verskeie sake was ter sprake. Die sake soos aangedui in Koersvas 134, is bespreek en almal was hartseer verbaas oor die wending in denke en teologie wat die NHKA geneem het.

Sekere feite het duidelik na vore gekom:

1. Daar is steeds behoefte aan steedsHervormer- byeenkomste om lidmate in te lig, toe te rus en saam te snoer.
2. Lidmate wat op hoogte van sake is, is ontnugter deur die nuwe vrysinnigheid

wat te bespeur is in vele gemeentes en leraars se godsdiensoefening.

3. Lidmate wat protes aanteken, is nie meer welkom in sekere NHKA- gemeentes nie. Daar is selfs vir sommiges direk gestel dat hulle liefs moet wegbly.
4. Daar is 'n duidelike behoefte onder behoudende lidmate om gemeenskaplike byeenkomste en samesyn.
5. Lidmate word nie deur getalle gestuit nie. Die gedagte van 'n klein gemeente word positief ontvang.
6. Vroeë Christene was gewoon daaraan om die minderheid te wees en min in getalle te wees. Die Here tel nie, Hy weeg.
7. Die deursnee lidmate is “moeg vir baklei” en laat daarom goedsmoeds toe dat die kerk deur die liberale teologiese denke gekeer word.
8. Die deursnee lidmate is onkundig oor die ware toedrag van sake. Hulle laat, soos die gemeente in Tiatira, toe dat die verkeerde leer verkondig en toegepas word.
9. Lidmate kan maar wel stel dat alles in hulle gemeente dieselfde is, maar dit is nie waar nie. Gemeentes se heffingsgelde word gebruik om die nuwe teologie in te voer en te vestig as die **nuwe NHKA -teologie**.
10. Die GHG is die nuwe behoudende hawe van goeie hervormde teologiese denke.
11. Lidmate is bereid om ver te reis om deel van 'n behoudende gemeente te wees.
12. Daar is besluit om daadwerklik te werk daarheen om 'n gemeente te stig. Die eerste byeenkoms sal eersdaags wees om ten tye van 'n vleisbraai saam te kuier sodat lidmate mekaar kan leer ken. Tydens hierdie geleentheid sal 'n sentrale byeenkomsplek en toekoms-

planne bespreek kan word. Lesers sal op hoogte van sake gehou word.

Daar word ook byeenkomste beplan vir die Springbokvlakte (Warmbad, Nylstroom, Naboomspruit-omgewing), Die Bosveld (Ellisras, Vaalwater, Botswana-grens) en die Laeveld (Phalaborwa, Tzaneen, Hoedspruit). Skakel gerus met dr. Otto vir meer inligting.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preke-whatsapp groep** voeg.

GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)

Tyd loop nou uit vir die afhandeling van hierdie projek. Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107 vir u gemeente se lootjie-vorms. Alle lootjie vorms moet asseblief voltooid in wees **voor einde Junie**. Elke Bondsgemeente se dames word uitgenooi om lootjielyste te neem en saam betrokke te wees by die fondsinsameling. Sodoende dra u by tot die opleiding van die Geloofsbond se jong teologiese studente.

BASAAR SUIKERBOSRAND

OORNAG FASILITEITE Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld ! Slegs 5km van die Zambezi Tolhek - naby hospitaal en besighede- Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers. Etes en wasgoed op afspraak. Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

Hervormde Gemeente Roedtan

ter waarde van

BILTONG JAG R50 000

**Prys nie verhandelbaar of oordraagbaar nie!*



Beoordelaars trekking is finaal en op 10 Junie 2018



AKKOMMODASIE - SELFBEDIENING:

- Lugreëling •verhitte swembad •braaigeriewe
- volledige kombuisgeriewe •vries- en yskas •ysmasjien
- DSTV •skoonmakers gidse oplaai & afslag van wild.
- Koelkamer geriewe - alles vir u gerief !!

Jagpakket:

11-15 Julie 2018
Verblyf vir 10 persone vir
5 dae by Harlou Jagplaas
- Roedtan

- 1 x Blouwildebees
- 2 x Rooibokke
- 2 x Blesbokke
- 2 x Vlakvarke
- 1 x Rooihartebees

Konts per Kaartjie:

R60

Hervormde Kerk Suikerbosrand

Basaar

Saterdag 5 Mei 2018 · 08:30

Kom en geniet lekker:

- Braai vleis
- Kerrie en Rys
- Gebakte Brood
- Vars Produkte
- Pannekoek
- Vars Vleis

Uitstallings van:

- Sonkrag Stelsels

Veiling van rare en seldsame wyne.

Hoek van Fenter- en Merzstraat Heidelberg

BEFAAMDE GEMEENTE GROOTVLEI ETES BESKIKBAAR

Pad- & Bergfiets Wedrenne

ANDER PRET AKTIWITEITE VIR DIE HELE FAMILIE

Plot Opskop 2018

plotopskop grootvlei

Vanaf 07:00vm tot laat op 12 Mei 2018

Elize Potgieter
082 838 6303
grootvlei1@gmail.com

GPS: 325°33'238", 328°14'981"

BEFAAMDE GEMEENTE GROOTVLEI ETES BESKIKBAAR

ANDER PRET AKTIWITEITE VIR DIE HELE FAMILIE

Tombole Tafel

Kinderspeletjies / Boeresport

Veiling

Dans- / Karate Opvoering

Vlooiemark

Stalletjies met Enige Iets van Groente, Plante, Klerasie tot Juwele, Décor en Skoonheidsmiddels

LIVE EVENT DJ

VEILING

FREE parking

Facebook



12 Mei 2018 Plotopskop

SPOOKHUIS

KOSTES: R10

Speletjies

Kostes: R10

**Waar: Alles vind plaas in die
kerksaal**

Plotopskop

12 Mei 2018

Kom geniet die dag saam ons
met speletjies vir die hele gesin.

12 Mei 2018

